Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za

Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

OMSENDBRIEF 2/2018 **17 Januarie 2018**

Geagte Ouers

Op 7 November 2017 is 'n ouervergadering gehou waartydens die skool se begroting vir 2018 bespreek en goedgekeur is.

Die volgende sake rakende onderriggelde is bespreek en goedgekeur

1. Laerskool Dagbreek sal skoolgeld hef ooreenkomstig die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet Artikel 38 en 39(1).

2. Dat die begroting soos voorgestel deur die beheerliggaam goedgekeur word en dat die beheerliggaam gemagtig word om tekorte wat mag ontstaan op die begrote bedrae vir bepaalde items op die begroting aan te vul uit oorskotte wat mag ontstaan by ander items en verder onderworpe daaraan dat die totale begroting nie oorskry mag word sonder die goedkeuring van 'n ouervergadering nie.

3. Die onderriggelde vir 2018: Graad R sal R760.00 per leerder wees vir elf maande.
   Graad 1 – 7 sal R640.00 per leerder wees vir elf maande.

4. Onderriggelde is vooruitbetaalbaar.

5. Indien 'n ouer sy kind se onderriggelde voor of op 28 Februarie 2018 in een bedrag klaar betaal, kry u 10% korting op die onderriggelde.

6. Onderriggelde sluit addisionele koste t.o.v. u kind se opvoeding uit, bv. toere, uitstappies, ens.

7. Ouers wat aanvoer dat hulle nie in staat is om skoolgelde te betaal nie, en daarom op algehele, of gedeeltelike vrystelling van skoolgelde aanspraak maak (hierna 'n "applikant" genoem), voor of op die laaste skooldag van Februarie van elke jaar, by die beheerliggaam aansoek moet doen op 'n "beursvorm" om algehele of gedeeltelike vrystelling van die betaling van skoolfonds.

8. Dat die applikant die beheerliggaam moet oortuig dat hy/sy geregtig is op enige vrystelling.

9. Beursvorms is by die kantoor beskikbaar vir ouers wat wil aansoek doen.

10. Die beheerliggaam sal geregtig wees om sodanige inligting as wat na die oordeel van die beheerliggaam nodig is vir die billike en regverdige beoordeling van 'n aansoek om vrystelling van die betaling van skoolgeld aan te vra of in te samel.

11. Dat GEEN aansoek om vrystelling:

    a. Wat die beheerliggaam bereik later as die sluiting van die skool op die laaste werksdag van Februarie; of

    b. Wat nie voldoen aan die voorskrifte van die prosedure neergelê, oorweeg sal word nie, tensy die beheerliggaam oortuig kan word dat daar buitengewone omstandighede bestaan wat die laat oorweging van die aansoek of die nie-nakoming van die prosedure regverdig.

admin@dagbreek.co.za

12. Dat die beheerliggaam geregtig sal wees om die bevoegdheid om 'n aansoek om vrystelling te ontvang, te oorweeg en daaroor uitsluitsel te gee, aan 'n komitee van die beheerliggaam op te dra;

13. Dat die applikant binne SEWE dae nadat die besluit geneem is per brief daarvan in kennis gestel sal word.

14. Dat die applikant wat hom/haar verontreg voel deur 'n beslissing van 'n komitee van die beheerliggaam (soos in paragraaf 12 genoem) geregtig sal wees om binne VYF dae na ontvangs van die uitslag van sy/haar aansoek, skriftelik daarteen te appelleer.

15. Die formule wat gebruik word waarvolgens u kan bepaal of u kwalifiseer vir gedeeltelike of volle vrystelling is:

$$E = 100 \quad \frac{F + A}{C}$$

Waar:

E = Onderriggelde as gedeelte van ouer se inkomste
F = Skoolgelde in 2018
A = Bepaalde addisionele onkoste t.o.v. opvoedkundige programme in 'n openbare skool
C = Die gekombineerde bruto salaris van beide ouers

- As die E faktor 10 en hoër is, kwalifiseer u vir volle vrystelling.
- As die E faktor tussen 2 en 10 is, kan u vir gedeeltelike vrystelling kwalifiseer.
- Let asseblief daarop dat die bruto salaris, die salaris van albei ouers is indien albei werk. Brutosalaris is: Salaris **voordat** enige aftrekkings plaasgevind het.
- Hierdie formule geld vanaf Januarie 2007.

Baie dankie

P.v. Heerden
Mnr. P.W. van Heerden
Hoof

2018-01-16
Datum

Skeurstrokie (Omsendbrief 2/2018)

Vul asseblief die skeurstrokie in en stuur na u kind se voogonderwyser.

Hiermee erken ek _____ ouer/voog van _____
ontvangs van Omsendbrief 2/2018.

_____ _____
Handtekening van ouer / voog Datum

Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za

Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

OMSENDBRIEF 2.1/2018 **17 Januarie 2018**

Geagte Ouers

Regulasies vir vrystelling en afslag op onderriggelde (Sien Omsendbrief 2/2018)

Kontrolelys: Omkring asseblief die regte blokkie. Die vorm moet asseblief volledig ingevul word.

1.	Het die skool u meegedeel wat die onderriggelde vir 2018 sal wees?	Ja	Nee
2.	Is u meegedeel dat u onderriggelde moet betaal tensy u totale vrystelling kan kry?	Ja	Nee
3.	Weet u dat u mag aansoek doen vir vrystelling of afslag?	Ja	Nee
4.	Wil u aansoek doen vir vrystelling of afslag? (Sluitingsdatum: Laaste dag van Februarie).	Ja	Nee
5.	Het u hulp nodig om die aansoekvorm te voltooi?	Ja	Nee
6.	Weet u dat die vorms waarop u kan aansoek doen vir vrystelling indien u kwalifiseer by die skool beskikbaar is?	Ja	Nee

Beurs aansoekvorm gegee op: _____ deur _____

Baie dankie

P v Heerden

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof

STUUR ASSEBLIEF DIE HELE VORM TERUG SKOOL TOE!

Hiermee erken ek ontvangs van Omsendbrief 2.1/2018.

My kind/kinders in Laerskool Dagbreek is: _____ Gr. _____

_____ Gr. _____

_____ Gr. _____

_____ Gr. _____

_____
Naam en Van van Ouer

_____
Telefoonnommer van Ouer

_____
Handtekening van Ouer

admin@dagbreek.co.za